

---

---

# Johannes Calvyn oor die aard van en remedies teen tirannieke regering: Griekse, Romeinse en Middeleeuse aanknopingspunte

**Andries Raath**  
**Navorsingsgenoot**  
**Departement Publiekreg**  
**Universiteit van die Vrystaat**  
[RaathA@ufs.ac.za](mailto:RaathA@ufs.ac.za)

## **Abstract**

### ***John Calvin on the nature of and remedies for tyrannical government: Greek, Roman and Medieval points of Contact***

*John Calvin's views on political tyranny did not differ in any material respects from the Greek and Roman definitions. However, Calvin's theocentric approach to tyranny brought a distinct deviation from the ancient Greek and Roman views on the remedies against political tyranny. John Calvin's mature views on tyrannical government are fundamentally Biblically grounded. In his commentaries on 1 Peter 2:14 Calvin observes that there never was, and we could not think of tyranny so cruel and unlimited in which there was not some sort of equity, and that God does not permit that this order should so be overthrown by the wickedness of men that we should not perceive some traces of it. In his sermons on Daniel he states that whatever excesses there may be with princes, still the goodness of God surmounts them so that He does not altogether allow that the politics and ordinances that He has instituted should be thrown into confusion. In his sermons on 1 Timothy he places further emphasis on the view that even when tyrants dominate and there are grave corruptions, yet it is more tolerable than if there were no order:*

*if we put in the balance one tyrant or several, who exercise every form of cruelty, who pillage some and murder others and who commit many other serious wickednesses under the guise of justice; on the other hand, let us put a people who have no chief, no magistrate, no authority, but are all equal: it is certain that there will be graver and more horrible confusion when there will be no pre-eminence than there will be with the most exorbitant tyranny in the world. Because political tyranny is a manifestation in the public sphere, the only institutions for remedying the transgressions of tyrants are the people's representative institutions. Although Calvin followed the classical Greek and Roman views on the nature of tyranny, he supported the milder remedies to rectify political tyranny.*

## 1. Inleiding

Demokratiese regering het in die Klassieke tyd en vroeë Hellenistiese era in Griekeland 'n hoogtepunt beleef. Demokratiese regering in Athene het egter byna in die jaar 404 v.C. tot 'n einde gekom. In die lente van dié jaar, is die Atheners aan die Spartane onderwerp en het hul daarmee sowel die uitgerekte Peloponnesiese Oorlog (431-404 v.C.) as hul seemag verloor.<sup>1</sup> Die volgende paar maande het antidemokratiese elemente aktief steun gewerf vir die omverwerping van die Atheense demokrasie en die oprigting van 'n *politeia* gebaseer op die Spartaanse model.<sup>2</sup> Dié sameswering van oligarge, kulmineer in 'n dekreet ingevolge waarvan dertig man – later bekend as die Dertig Tiranne – die wetgewende mag ontvang. Ingevolge die dekreet van Drakonities (ongeveer 621 v.C.) het die dertig man opdrag ontvang om nuwe wetgewing op te stel en as voorlopige regering te dien totdat 'n permanente grondwet ingestel is.<sup>3</sup> Met die hulp van Sparta, het die Dertig Tiranne 'n sterk oligargiese regering onder Spartaanse beheer geword. Onder leierskap van Thrasybulus (oorlede 388 v.C.) het die pro-demokratiese beweging in die winter van 404-403 v.C. momentum gekry.

---

1 D.A. Teegarden, *Death to Tyrants*. Princeton & Oxford: Princeton University Press (2014), p. 15.

2 Teegarden, *Death to Tyrants*, p. 15.

3 Vir die dekreet van Drakontides, kyk P.J. Rhodes, *A Commentary on the Aristotelian Athenian Politeia*. Hersiene uitgawe. Oxford: Clarendon (1993): 434-435; M. Ostwald, *From Popular Sovereignty to the Sovereignty of Law: Law, Society, and Politics in Fifth-Century Athens*. Berkeley: University of California Press (1986): 476-478; P. Krentz, *The Thirty at Athens*. Ithaca: N.Y. Cornell University Press (1982): 50.

Onder die leiding van Thrasybulus, het die beskermers van die Atheense demokrasie in getalle toegeneem en na Piraeus gemarsjeer, waar die hele *demos* by hul aangesluit het. Na twee veldslae was die skrif vir die Atheense oligarge aan die muur en die mobilisering om die Atheense demokrasie te red het gewenste resultate behaal. Die onmiddellike gevolg van die oorwinning deur die pro-demokratiese beweging was die aanvaarding van die dekreet van Demophantos. Ingevolge dié dekreet is van alle Atheners vereis om 'n eed af te lê om enigenen wat die Atheense demokrasie omverwerp of enige amp beklee terwyl die demokrasie omvergewerp is, te dood soos die hooggeroemde tiranne-doders, Hormodios en Aristogeiton, gedoen het.<sup>4</sup> Uit Aeschylus (525 v.C.-456 v.C.) se *Orestia* en ander bronne blyk dat tiran-doding in die antieke Griekse wêreld veelal verwelkom is en deur skrywers soos Aristoteles (384-322 v.C.), Xenophon (c. 435-354 v.C.), Isokrates (436-388 v.C.) en Polybios (c. 205-c. 123 v.C.) aangeprys is. Aristoteles skryf van groot eerbewyse wat tiran-doders toekom; Xenophon verwys na stede wat eerbewyse aan tiran-doders gee; Isokrates berig oor tiran-doders wat die hoogste eerbewyse van hul mede-onderdane ontvang en Polybios vertel van tiran-doders wat oral toekennings ontvang en die eresitplekke by feesvieringe inneem. Skrywers van die antieke Griekse en Romeinse denkwêreld het verskillend op die problematiek van tirannie as politieke verskynsel gereageer. Plato (c. 427-c. 347 v.C.) het op die inkrementele ontplooiing van tirannie as politieke verskynsel gefokus; Aristoteles (384-322 v.C.) het veral die positiefregtelik-juridiese omskrywing van tirannie en die grense van regmatige gesagsuitoefening aangedui, terwyl Seneca (c. 5 v.C. -65 n.C.) die moreel-politiese afkeurenswaardigheid daarvan behandel het. Die algemene standpunt in die Grieks-Romeinse denkwêreld was dat tirannie arbitrêre of despotiese gesagsuitoefening behels. Sowel die Middeleeuse, Reformatoriese as die post-Reformatoriese politieke denke is sterk deur die Grieks-Romeinse denke oor die onderwerp beïnvloed. Waar die Grieks-Romeinse denkers by uitstek oor die oorsprong en aard van tirannie geskryf het was die sleutelvraag vir die Middeleeuse skrywers na die remedies waaroor onderdane beskik om tirannie teen te gaan. Die feit dat die Reformatore tot 'n groot hoogte oor die tipering van tirannie saamgestem, maar oor die grense van onderdaansverset teen tirannieke regering verskil het, kan moontlik tot die uiteenlopende standpunte van Grieks-Romeinse en Middeleeuse skrywers oor die onderwerp teruggevoer word. In hierdie artikel word veral op die Grieks-Romeinse en Middeleeuse invloede op Johannes Calvyn (1509-1564) se opvatting oor tirannieke regering, die effek daarvan en die remedies, wat volgens hom, beskikbaar is om dit te verwyder, gelet.

4 Teegarden, *Death to Tyrants*, p. 5.

## 2. Staatsteoretiese perspektiewe op tirannie in die antieke Griekse en Romeinse denkwêreld

### 2.1 *Plato se standpunt oor die psigologiese oorsprong en inkrementele evolusie van tirannie*

#### 2.1.1 *Die oorsprong en kenmerke van tirannieke regering*

Tirannie is vir Plato 'n toestand van disharmonie waarin die erotiese die oorhand oor gesonde verstand verkry en regeerders tot onregverdig optrede en blinde hartstog van genot dryf.<sup>5</sup> Die gebrek aan geregtigheid op die mees uitgebreide skaal, is geleë in tirannie.<sup>6</sup> Diegene wat onreg op dié skaal voorstaan, verkies tirannie omdat die tirannieke regeerder alle mag in sy hande kry, onderdane se belange minag en hulle verslaaf.<sup>7</sup> Onreg op hierdie skaal, maak regeerders bykans onaantasbaar en verleen aan hulle totalitêre regeermag. By monde van Sokrates se gespreksgenoot, Thrasymachus, is tirannie die toppunt van totalitêre mag en ondermyning van geregtigheid.<sup>8</sup> Vir Plato is tirannie die mees vervalde vlak van regering in die staat; die onderskeie komponente van die staat onder tirannie staan in disharmonie en regering geskied nie rasideel en oorwoë nie, maar word aan die erotiese passies van irrasionele grypsugtiges uitgelewer. By tirannieke oorheersing van *eros* en materiële genotsug, verval die politieke orde tot die private domein van die tiran se magswellus. Die gedifferensieerde geheel van die staat, met sy onderskeie komponente wat elk sy eie funksie onder heerskappy van geregtigheid vervul, degenerereer tot 'n magstotaliteit waarin geregtigheid opsy geskuif en aan *eros* onderwerp word. Tirannie staan bygevolg jukstaposisioneel teenoor geregtigheid as die hoogste deug. By effek beteken dit dat die laagste en mees vervalde psigologie aan die roer van die staatskip kom. Plato se *Politeia* is 'n betoog teen tirannieke oorheersing deur politieke regeerders; dit bied die argument vir rasidele regering met inagneming van wat onderskeie is en wat saam hoort. Tirannie staan lynreg teenoor geregtigheid, soos *eros* die kontrapunt van deugdelikheid by die individu vorm; *eros* is die tiran binne die tiran. Tiranne se onbeteuelde *eros* produseer eersug en vergeldingsdrang (*thumos*), vergesel van gryp- en genotsug – die kenmerke van

---

5 Plato, *The Republic* (hierna *Politeia*). Harmondsworth, Middlesex: Penguin Books (1979), 572c e.v.

6 Plato, *Politeia*, 344c-d.

7 Plato, *Politeia*, 344c-348d.

8 Plato, *Politeia*, 344a e.v.

tirannieke regering en die teelaarde vir irrasionele regering: “Then the master passion runs wild and takes madness into its service; any opinions or desires with a decent reputation and any feelings of shame still left are killed or thrown out, until all discipline is swept away, and madness usurps its place.”<sup>9</sup>

### 2.1.2 Aristokratiese regering en generiese verval van die politieke orde

Plato, behandel die verskynsel van tirannie by uitstek as ’n historiese fenomeen en hy identifiseer ’n inkrementele proses van oorgang van oligargiese na tirannieke politieke sisteme.<sup>10</sup> Die insig dat die gestaltegewing aan die politieke sisteem van die staatsorde uit die lewensbeskoulike uitinge van die menslike hart opkom, is reeds deur die Griekse filosowe van antieke Griekeland ingesien. In boeke agt en nege van sy *Politeia*, (ongeveer 380 v.C.) betoog Plato dat politieke sisteme uit die menslike geestesgesteldheid voortkom. Op die spektrum van politieke sisteme is aristokratiese regering, volgens Plato, die hoogste vorm van politieke deug, waar hardwerkende, deugdelike liefhebbers van waarheid en wysheid met ervaring van landbou en besigheidsbestuur in die beste belang van die politieke gemeenskap regeer. Na mate politieke verval intree, bereik die staatlke lewe die vlak van oligargiese regering waar die regering in die hande van ’n klein elite-groep oorgaan wat slegs hul eiebelang nastreef: liefhebbers van geld en materiële voordeel; hul jaag na die geldelike voordeel van regeerampste.<sup>11</sup> Wanneer hul aan die roer van die staatshuishouding kom, kanaliseer hul geld en materiële voordele na familie, vriende en ondersteuners in ruil vir materiële voordele. Op arbitrêre wyse hef oligargiese regeerders buitensporige belasting op almal behalwe hulself; passeer wette waaraan hulle hul nie onderwerp nie en deugdelike regering is iets van die verlede: “The men find ways to become extravagant, and for this reason perverts the law and disobey it, and the women follow their example”<sup>12</sup> en “(t)he further they go in the process of accumulating wealth, the more they value it and the less they value goodness.”<sup>13</sup> Oligargiese regeerlui beskik oor geen kennis van bestuur nie en ten spyte van ’n gebrek aan ervaring en

9 Plato, *Politeia*, 573b.

10 Plato, *Politeia*, 550c-576b.

11 Plato, *Politeia*, 549b e.v.

12 Plato, *Politeia*, 550d.

13 Plato, *Politeia*, 550e.

onderwyskundige opleiding, gaan hul roekeloos voort op hul arrogante en ambisieuse plundertog van die staatskoffers: “lack of education, bad upbringing and a bad form of government.”<sup>14</sup> Politieke deugde word deur die oligarge met afsku bejeën en hul gee vrye teuels aan hul begeertes na rykdom en materiële welvaart en ’n kultuur van misdadigheid kry die oorhand: “(I)n any state where there are beggars they are also, hidden away somewhere about the place, thieves and pick-pockets and temple robbers and all such practitioners of crime.”<sup>15</sup> Staatlike verval op die vlak van oligargie bring ’n onvermydelike tweespalt teweeg: enersyds die arm onderdane; andersyds die ryk oligargiese elite. Die politieke uitbuiting van die onderdane, geskied sonder enige morele skuldbesef by die oligarge, families word na die bedelstaf gedwing, mense raak hul eiendom kwyt tot voordeel van die regeringselite en ontevredenheid onder die onderdane bereik ’n vlak van frustrasie waar die staatsbevolking tot die instelling van demokratiese regering oorgaan: “Most people are beggars except the ruling class.”<sup>16</sup> Op die vlak van demokratiese regering beskik die onderdane oor burgervryheid en vryheid van spraak en meningsuiting en doen elke mens – onderdane en regering – wat reg is in hul eie oë: “Then in democracy, there’s no compulsion either to exercise authority if you are capable of it, or to submit to authority if you don’t want to; you needn’t fight if there’s a war, or you can wage a private war in peacetime if you don’t like peace; and if there’s any law that debars you from political or judicial office, you will none the less take either if they come your way. It’s a wonderful pleasant way of carrying on in the short run, isn’t it?”<sup>17</sup> Volgens Plato is die belangrikste kenmerke dié van toleransie en akkommodering en wilsvryheid: “(D)emocracy is an agreeable anarchic form of society, with plenty of variety, which treats all men as equal, whether they are equal or not.”<sup>18</sup> Sensuele plesiersug is die gevolg daarvan: “If anyone tells him that some pleasures, because they spring from good desires, are to be encouraged and approved, and others, springing from evil desires, to be disciplined and repressed, he won’t listen or open his citadel’s doors to the truth, but shakes his head and says all pleasures are equal and should have

---

14 Plato, *Politeia*, 552e.

15 Plato, *Politeia*, 552d.

16 Plato, *Politeia*, 552d.

17 Plato, *Politeia*, 557e.

18 Plato, *Politeia*, 558c.

equal rights.”<sup>19</sup> Volgens Plato is die voorbereidingswerk vir tirannie getref en demokratiese libertinisme en gelykheid as katalisators vir tirannieke regering opgestel: “What it all adds up to is this, ... you find that the minds of the citizens become so sensitive that the least vestige of restraint is resented as intolerable, till finally, as you know, in their determination to have no master they disregard all laws, written or unwritten.”<sup>20</sup> By gebrek aan kundigheid en regeervaardighede volg hulle die voorbeeld van vorige leiers en swig voor afguns; hul stem ten gunste van verdeling van die staat se rykdom totdat die skatkis leeg is, dan stem hul ten gunste van toe-eiening van die bates van dié wat oor privaat-eiendom beskik en materiële herverdeling word primêre oogmerk van die politieke regime, terwyl die mees waardevolle bates deur die politieke leiers opgeraap word: “Exiles, executions, hints of cancellation of debts and redistribution of land follow, till their instigator is inevitably and fatally bound either to be destroyed by his enemies, or to change from man to wolf and make himself tyrant.”<sup>21</sup> Die passie van onbeteuelde plesiersug lei tot finansiële onverantwoordelikheid; geldskaarste ontstaan, twis en tweedrag vlam op wat tot chaos en anargie lei en die tafel is gedek vir die oorgang na tirannieke regering.<sup>22</sup>

### 2.1.3 Die ontplooiing van tirannieke regering

Die laaste stap in die verval van die politieke orde is tirannie met ’n onbeteuelde sug na mag. By die opkoms van die tiran steel hy die harte van die onderdane en maak subtiele opmerkings oor die ontneming van bates van die bevoorregte klasse en dat laasgenoemde vyande van die volk is: “In his early days he has a smile and a kind word for everyone; he says he’s no tyrant, makes large promises, public and private, frees debtors, distributes land to the people and to his own followers, and puts on a generally and kindly air.”<sup>23</sup> Die beskermers van die volk maak valse aantygings teen die welvarendes en die vryheid van die volk word hul inkrementeel ontnem. Onder die voorwendsel van ’n nasionale bedreiging word groter diskresionêre magte aan die tiran verleen en met die verskoning van beskerming van die volk word die veiligheidsmagte ontplooi en vryhede stelselmatig ingekort. Intellektueles, akademici, leiersfigure en invloedryke persone word as

19 Plato, *Politeia*, 561c.

20 Plato, *Politeia*, 563e.

21 Plato, *Politeia*, 566a.

22 Plato, *Politeia*, 565d-569c.

23 Plato, *Politeia*, 566e.

bedreiging van die volk voorgehou en uit die weg geruim en persone wat oor bates beskik word as vyande van die volk uitgemaak en die massas teen hul gemobiliseer, terwyl ryk en arm teen mekaar afgespeel word, die staatsvolk in strydende faksies opgestook en deur allerlei nietighede besig gehou word ten einde te verseker dat elkeen dermate besig is om slegs 'n lewenstog vir sy eie voortbestaan te verseker dat daar geen begeerte is om teen die tirannieke regime op te staan nie.<sup>24</sup> Vir Plato is tirannie dus die inkrementele verval van politieke regeerders en ondeugdelike optrede vanweë die heerskappy van *eros* en die meegaande verval in irrasionele regering van politieke maghebbers.

## 2.2 *Aristoteles oor die kompetensieperke van politieke regering*

Aristoteles ontken die liniêre verval van staatsordes tot tirannie.<sup>25</sup> Geen regime is van moontlike tirannieke regering uitgesluit nie en hy verkies sinkretiese regering as die beste vorm van regering vir die politieke sisteem.<sup>26</sup> Hy ondersteun egter Plato se waarneming dat oormatige begeertes gesaghebbers tot tirannie dryf – begeerte is 'n wilde dier en perverteer die denke van selfs die beste regeerders.<sup>27</sup> Tirannie ontstaan by 'n enkele persoon en mettertyd word die massa tot soortgelyke ondeugdelike optrede beweeg, “for only a great soul can live in the midst of trouble and wrong without itself committing any base act”.<sup>28</sup> Onderdane neem eers deel aan die politieke lewe nadat hulle hul huishoudings versorg het.<sup>29</sup> Hy omskryf burgers as slegs diegene wat bevry is van noodsaaklike dienste en 'n staat onder beheer van 'n tiran beskik bygevolg nie oor burgers nie.<sup>30</sup> Vervolgens gee Aristoteles 'n uiteensetting van die werkswyses van tiranne met die oog op verkryging van totale beheer en hul slinkse optrede om ten alle koste mag oor die onderdane te behou: “By promoting distrust within the state, the citizens, who are already busy with their own work and personal lives, will be discouraged from publicly expressing any condescending view on the political regime. Moreover, by encouraging citizens to be wary of their neighbours, the

---

24 Plato, *Politeia*, 566a e.v.

25 Aristoteles, *The Politics* (Hierna *Politica*). Harmondsworth, Middelsex: Penguin Books. (1979), 1303a15-30.

26 Aristoteles, *Politica*, 1296b10.

27 Aristoteles, *Politica*, 1287a30.

28 Aristoteles, *Politica*, 1253a31.

29 Aristoteles, *Politica*, 1328b37.

30 Aristoteles, *Politica*, 1278a10.



people themselves could serve as an extended type of police.”<sup>31</sup> Beide Plato en Aristoteles reken dat misleiding van die onderdane nie voldoende is om mag te behou nie – diegene wat tiranne se mag bedreig, word uitgeskakel.<sup>32</sup> Dit sluit in wetenskaplikes, filosowe en diegene wat tiranne se persoonlike veiligheid bedreig.<sup>33</sup> Hoewel Plato en Aristoteles verskil oor die oorsprong van tirannieke regering, is die eindresultaat by beide dieselfde: om te verhoed dat onderdane die tirannieke regering teenstaan en om hul magposisie te konsolideer, word onderdane se aandag afgelei deur gevare wat nasionale sekuriteit bedreig, te skep;<sup>34</sup> onderdane word deur verarming verplig om hul dermate met private sake en ’n stryd om lewensbestaan besig te hou, dat hulle nie teen tirannieke regering in opstand kom nie.<sup>35</sup>

## 2.3 *Seneca se morele begroning van tirannieke regering*

### 2.3.1 *Die sosiaal-morele raamwerk van Seneca se beoordeling van tirannieke regering*

Seneca se beoordeling van tirannieke regering was nie ’n oorspronklike teoretiese uiteensetting van dié verskynsel nie. Sy bespreking van politieke tirannie geskied hoofsaaklik binne die raamwerk van Plato en Aristoteles se identifisering en beoordeling daarvan. Seneca sluit tot ’n groot hoogte by die Platoons-Aristoteliese bespreking daarvan en die moralistiese visie op die samelewing wat in die Stoïsynse denke van sy tyd hoogty gevier het, aan. Seneca bespreek tirannieke regering eerstens binne die konteks van die mens as ’n wese wat in ’n verhouding van sosiale welwillendheid tot sy medemens staan en dusdanig die publieke belang dien; die geregtigheidseise waaraan regeerders onderworpe is; die verhouding van owerheid en onderdane wat metafories die verhouding van die kop tot die res van die liggaam behels; die oorsprong van tirannieke regering in die disharmoniese eer- en grypsug van regeerders; die morele afkeuringswaardigheid van tirannieke regering en dat tirannieke regering die goddelike afkeur en sanksie tot gevolg het. Volgens Seneca is die mens primêr ’n sosiale wese. In sy *De Beneficia* verduidelik hy dit met verwysing na milddadige toeskietlikheid (“clemency”): “Clemency is a sort of bond of human society and kinship”, vir Seneca is dit begrond in

31 Aristoteles, *Politica*, 1314a15.

32 Aristoteles, *Politica*, 1284a29.

33 Aristoteles, *Politica*, 1284a29.

34 Aristoteles, *Politica*, 566e en Plato, *Politeia*, 1308a28.

35 Aristoteles, *Politica*, 567a en Plato, *Politeia*, 1328b.

die sosiale welwillendheid wat die openbare belang onderlê en is dit “axiomatic men begotten for the sake of their fellows, to share one another’s toil, to take counsel together, to share themselves and their possessions, insofar as it is for the public good.”<sup>36</sup> Hy beroep hom in dié verband op onder andere Plato se brief aan Archytas en Aristoteles se *Politica*. Elders verklaar hy dat die mens met die oog op wedersydse ondersteuning geskape is<sup>37</sup> en dat die verstandige mense in die land die publieke belange bo die individuele belange stel.<sup>38</sup> Seneca volg die Aristoteliese geregtigheidsopvatting in publieke aangeleenthede: regeerders staan onder verpligting by die toekenning van ampte, goedere en voordele aan die onderdane om die vereiste proporsionele verdeling op die basis van geometriese gelykheid te handhaaf. Dié geregtigheidsdeug vereis dat verkiesing van regeerders en toekenning van ampte, regeerders ooreenkomstig die kriteria van analogie (oftewel proporsie) moet geskied.<sup>39</sup> Vorste behoort daarmee rekening te hou dat hul, wat hul regeerpligte betref, analoog is aan die menslike verstand en dié se verhouding tot die res van die liggaam: “The prince is in the state as the mind is in the body. As the mind governs and regulates all functions of the members, so the subjects look to and observe the prince’s nod in carrying out all their duties.”<sup>40</sup> Elders beskryf hy die verhouding van die ledemate tot die regeergesag in die staat as ’n organiese diensverhouding: “All these arts, by which the city is either aroused or resounds, carry out the body’s business.”<sup>41</sup> Die ledemate voer die bevel van die hoof uit. In sy *De Beneficia* plaas Seneca die klem op die plig van die hoof om die ledemate met mildheid te behandel omdat hulle dele van dieselfde liggaam vorm.<sup>42</sup> Met verwysing na die metafoor van die vaderverhouding waarin regeerders teenoor hul onderdane staan, pleit Seneca daarvoor dat regeerders as spreekwoordelike vaders met ’n milde hand sal regeer om die goedgesindheid van hul onderdane te behou.<sup>43</sup> Soos vaders wat die welwillendheid van hul kinders deur

---

36 Calvyn, *Commentary on Seneca’s De Clementia*. In: John Calvin Collection. Albany: Ages Digital Library: Books for the Ages (1969), p. 52 (Seneca, *De Beneficia*, 7.1.7).

37 Calvyn, *Commentary on Seneca’s De Clementia*, p. 53. (Seneca, *On Anger*, 1.5.2).

38 Calvyn, *Commentary on Seneca’s De Clementia*, p. 66.

39 Calvyn, *Commentary on Seneca’s De Clementia*, p. 40.

40 Calvyn, *Commentary on Seneca’s De Clementia*, p. 57.

41 Calvyn, *Commentary on Seneca’s De Clementia*, p. 58.

42 Calvyn, *Commentary on Seneca’s De Clementia*, p. 58.

43 Calvyn, *Commentary on Seneca’s De Clementia*, p. 78 e.v.

verantwoordelike uitoefening van ouerlike gesag opwek en ingevolge die *ius gentium* die regeergesag aan hul kinders oorhandig, sal verantwoordelike regeerders hul regeergesag aan hul nakomelinge oorgee. Voorts dien die metafoor van die regeerder as vaderfiguur as verwysing na die beperkte gesag waarvoor gesagsfigure beskik – soos vaders nie ’n vrye hand het om hul kinders na willekeur te behandel nie, dien die owerheidsamp as beperkte kompetensierrein van regeerders.<sup>44</sup> Elders merk Seneca op: verantwoordelike regeerders word oud, maar tiranne se lewe is van korte duur.<sup>45</sup> Hy voeg by: waar geen skaamte, geregtigheid, deernis, deug en geloof bestaan nie, is die staat se soewereiniteit op onvaste voet. Disharmoniese eere en grypsug spruit uit die onbeteuelde passies wat deur vleeslike begeertes (*eros*) opgewek word.<sup>46</sup> Met verwysing na die deug wat die passies behoort te lei, is Seneca van oortuiging dat ambisie wat van deug ontworstel word, in ’n tirannieke mag ontaard.<sup>47</sup> Vir Seneca is die botvier van *eros* ’n vorm van tirannie van die menslike gees wat tot velerlei etiese wanstaltighede lei: tiranne wat aan hul passies vrye teuels gee en hulself deur bandelose regering bo onderdane verhef, vernietig hulself;<sup>48</sup> tiranne tree billik teenoor hulself maar onbillik jeens hul onderdane op;<sup>49</sup> tiranne vergeet hul eie tekortkominge maar straf ander genadeloos omdat tiranne doen wat hul behaag en vergeet dat hul ook gebrekkige sondaars is;<sup>50</sup> tiranne vergeet dat hul vir hul regering teenoor die gode verantwoording verskuldig is: “Now let kings and emperors go – let them cruelly avenge the crimes of their subjects; but let them recognize that there are gods who can weigh their misdeeds exactly by the same measure”;<sup>51</sup> dronkenskap is ’n skande vir ’n koning wat in die openbare oog beweeg;<sup>52</sup> die verskil tussen ’n koning en ’n tiran staan op dieselfde vlak as die verskil tussen ’n vriend en ’n vleier – laasgenoemde is moreel sleg.<sup>53</sup> Vir Seneca is tirannie die eties slegte

44 Calvyn, *Commentary on Seneca's De Clementia*, p. 160.

45 Calvyn, *Commentary on Seneca's De Clementia*, p. 132.

46 Calvyn, *Commentary on Seneca's De Clementia*, p. 59.

47 Calvyn, *Commentary on Seneca's De Clementia*, p. 60.

48 Calvyn, *Commentary on Seneca's De Clementia*, p. 74.

49 Calvyn, *Commentary on Seneca's De Clementia*, p. 81 (Seneca, *On Anger*, 2.228).

50 Calvyn, *Commentary on Seneca's De Clementia*, pp. 80-81.

51 Calvyn, *Commentary on Seneca's De Clementia*, p. 86.

52 Calvyn, *Commentary on Seneca's De Clementia*, p. 86.

53 Calvyn, *Commentary on Seneca's De Clementia*, p. 133.

en ondeugsame optrede van regeerders wat hul belang bo dié van hul onderdane stel, die regsperke van hul ampsterreine oortree en wie se vleeslike begeertes in politieke aangeleenthede botvier.

## **2.4 Middeleeuse standpunte oor onderdane se remedies in geval van tirannieke regering**

### *2.4.1 Middeleeuse standpunte oor verval van legitieme politieke regering in tirannie*

'n Sleutelvraag in die Middeleeuse politiek denke was wat onderdane te doen staan wanneer vorste wat hul onder eed tot regverdige regering verbind het en met billikheid, opregtheid en onberispelike regering moet regeer, hul ondernemings teenoor onderdane ontrou word.<sup>54</sup> Veral die verval van legitieme regering tot tirannie het in teologiese en filosofiese kringe heelwat aandag ontvang. Reeds die Konsilies van Parys en Worms (829 n.C.) en dié van Maintz (888 n.C.) het die probleem van tirannie in behandeling geneem. Petrus Blesensis (oorlede 1200), Hugo Floriacensis (ongeveer 1100), Johannes van Salisbury (1120-1180), Thomas Aquinas (1224-1274), Ptolemaeus van Lucca (ongeveer 1250), Vincentius Bellovacensis (oorlede c. 1274), Engelbert van Volkersdorf (1250-1311), Alvarius Pelagius (ongeveer 1330), Willem van Ockham (oorlede 1347), Johannes Gerson (1363-1429) en Paris de Puteo 1413-1493) en andere het op die verval van legitieme regering tot tirannieke magsuitoefening gewys. Johannes van Salisbury het een van die mees uitvoerige besprekings oor dié verskynsel in sy *Policraticus* gegee. Soos talle antieke skrywers, spoor hy die tendens na tirannie tot die oorheersing van vleeslike begeertes van vorste toe. *Eros*, ydelheid en magslus is na sy mening die belangrikste katalisators van tirannieke regering: "Hence arises a truly dreadful power; hence the torment of pain and the inflammation of the mind arouse a fearfulness of heart and they claim for themselves the principal authority over all matters."<sup>55</sup> Die een ondeug lei tot ander, totdat uiteindelik pronksug en ongebreidelde ambisie die oorhand verkry: "Therefore, from the root of pride slowly grows ambition, namely, a passion for power and honours, so that from the one it possesses strength lest it be rooted out, while from the

---

54 Johannes Calvyn wys byvoorbeeld op die ingewikkelde problematiek in dié verband (Calvyn, *Opera.*, 2005, Vol. 29, p. 552).

55 Johannes van Salisbury, *Policraticus*. Vertaal deur C.J. Nederman. Cambridge: Cambridge University Press (2000), p. 23,

other it obtains reverence lest it become vilified.”<sup>56</sup> *Eros* dryf vorste tot vleeslike luste wat genotsug bo die reg verhef: liefde vir besittings en materiële bates; gierigheid; weelde en pronksug, totdat dit in ’n rivier van tirannie ontaard.<sup>57</sup> Tirannieke maguitoefening staan teenoor vorstelike regering: tiranne onderdruk die volk deur middel van gewelddadige oorheersing; die vors regeer deur middel van wette. Vorste beywer hulle vir wette en vryheid van die volk; tiranne omseil die wet en die volk is aan slawerny uitgelewer. Vorste vertoon die beeld van God; tiranne vertoon die beeld van die Satan. Johannes kom tot die gevolgtrekking dat tirannie van die bose is: “The origin of tyranny is iniquity and it sprouts forth from the poisonous and pernicious root of evil and its tree is to be cut down by an axe anywhere it grows.”<sup>58</sup> In soortgelyke trant voer Thomas Aquinas (1224-1274) tirannieke regering tot die ondeugdelike verval van vorste in vleeslike begeertes terug: “But since the power granted to a king is so great, it easily degenerates into tyranny unless he to whom this power is given be a very virtuous man: for it is only the virtuous man that conducts himself well in the midst of prosperity ... Now perfect virtue is to be found in few: and especially were the Jews inclined to cruelty and avarice, which vices above all turn men into tyrants.”<sup>59</sup>

#### 2.4.2 Die beginsel dat God eerder as mense gehoorsaam moet word

Thomas Aquinas onderskei tussen regverdige en onregverdige wetgewing.<sup>60</sup> Regverdige wetgewing bind die menslike gewete en ontleen hul bindende krag aan die *lex aeterna* volgens Spreuke 8:15. Wetgewing is regverdig vir sover dit die publieke belang bevorder, dit nie die wetgewende kompetensie van die wetgewer oorskry nie en volgens hul vorm nie met die maatstawwe van geometriese gelykheid in stryd is nie.<sup>61</sup> Die teenoorgestelde is waar van onregverdige wetgewing: “On the other hand laws may be unjust in two ways: first, by being contrary to human good, through being opposed to the things mentioned above – either in respect of the end, as when an authority imposes on his subjects burdensome laws, conducive, not

56 Johannes van Salisbury, *Policraticus*, p. 163.

57 Johannes van Salisbury, *Policraticus*, p. 188.

58 Johannes van Salisbury, *Policraticus*, p. 191.

59 Thomas Aquinas, *Summa Theologica*. In: The Master Christian Library. Albany Ages Digital Library (1997), II. 1. Q. 105. A1.

60 Thomas Aquinas, *Summa Theologica*, II. 1. Q. 96. A4.

61 Thomas Aquinas, *Summa Theologica*, II. 1. Q. 96. A4.

to the common good, but rather to his own cupidity or vainglory – or in respect of the author, as when a man makes a law that goes beyond the power committed to him – or in respect of the form, as when burdens imposed unequally on the community, although with a view to the common good. The like are acts of violence rather than laws; because, as Augustine says, ‘a law that is not just, seems to be no law at all’. Wherefore such laws do not bind in conscience, except perhaps in order to avoid scandal or disturbance, for which cause a man should even yield his right, according to Matthew 5:40, 41: ‘If a man ... take away thy coat, let go thy cloak also unto him; and whosoever will force thee one mile, go with him other two.’<sup>62</sup> Tweedens mag wetgewing onregverdig wees omdat dit met die bevele van God in stryd is, byvoorbeeld tirannieke wetgewing wat afgodediens gebied of enigiets anders in stryd met die goddelike reg beveel. Wetgewing van hierdie aard behoort nie gehoorsaam te word nie omdat Handeling 5:29 beveel dat God eerder as mense gehoorsaam moet word.<sup>63</sup> Aquinas voeg by: “This argument is true of laws that are contrary to the commandments of God, which is beyond the scope of (human) power. Wherefore in such matters human law should not be obeyed.”<sup>64</sup>

#### 2.4.3 *Passiewe verset teen tirannie*

Die teoloog Hugo Floreacensis (12de eeu) huldig die standpunt dat tiranne gehoorsaam en voor gebid moet word.<sup>65</sup> Slegs in geval van bevele wat met die wet van God in stryd is beskik onderdane oor die reg van ongehoorsaamheid en dat die straf en selfs die dood wat daaruit mag spruit, in die gees van martelaarskap verduur sal word. Op juridiese gebied verklaar Baldus de Ubaldis (1327-1400) dat inbreuk op die regte van regeerders verbode is en aktiewe verset teen regeerders se bevele dus uitgesluit is.<sup>66</sup>

#### 2.4.4 *Aktiewe verset teen tirannie*

Die gangbare Middeleeuse standpunt was egter dat bevele wat *ultra vires* die perke van die gesag van regeerders is nietig is, nie

---

62 Thomas Aquinas, *Summa Theologica*, II. 1. Q. 96. A4.

63 Thomas Aquinas, *Summa Theologica*, II. 1. Q. 96. A4.

64 Thomas Aquinas, *Summa Theologica*, II. 1. Q. 96.

65 H. Floriacensis, “Tractatus de Regia Potestate et Sacerdotali”. In: *Monumenta Germaniae Historica*. Hanoverae: Bibliopolii Hahniani (1892), pp. 465-494.

66 J. Canning, *The Political Thought of Baldus de Ubaldis*. Cambridge: Cambridge University Press (1987).

gehoorsaam hoef te word nie en selfs aktief weerstaan kan word. Hugo de St. Victore (oorlede 1141) verklaar dat vorste slegs gehoorsaam hoef te word vir sover hul binne hul kompetensierrein handel, *reges et principes, quibus obediendum est in omnibus quae ad potestatem pertinent*.<sup>67</sup> Volgens Thomas Aquinas hoef die onregverdige bevel van 'n vors slegs gehoorsaam te word ten einde skandale en gevare te verhoed.<sup>68</sup> Willem van Ockham handhaaf die standpunt dat alle mense onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan die keiser verskuldig is in aangeleenthede wat regmatig en in tydelike aangeleenthede wat die volk raak.<sup>69</sup> 'n Verbod teen drink van wyn sou byvoorbeeld nie bindend op onderdane wees nie.<sup>70</sup> Philippus Decius (1454-1536) verklaar eksplisiet dat bevel wat regeerders se ampsperke oorskry nie gehoorsaam behoort te word nie.<sup>71</sup> Eike van Reggow (ongeveer 1224) het in die *Sachsenspiegel* verset deur individue voorgestaan en oorskryding van regeerders se ampsperke is deur Middeleeuse skrywers direk met tirannie in verband gebring. Dit was veral Pouslikes wat aktiewe verset teen politieke tirannie gesteun het. Manegold von Lautenbach (ongeveer 1085) ondersteun byvoorbeeld die beginsel dat konings wat in tirannie verval soos onbetroubare skaapwagters verdryf behoort te word.<sup>72</sup> Johannes van Salisbury was 'n voorstander van aktiewe verset tot die mate dat tiranne om die lewe gebring behoort te word omdat tirannie die misbruik van die gesag wat God aan vorste verleen, behels: "... it is not only permitted, but it is also equitable and just to slay tyrants."<sup>73</sup> Die gesag wat God aan vorste verleen, is aan die reg ondergeskik en beoog om geregtigheid te bevorder. Ter wille van geregtigheid kan tiranne gedood word: "He who receives power from God serves the laws and is the slave of justice and right. He who usurps power suppresses justice and places the laws beneath his will. Therefore, justice is deservedly armed against those who disarm

67 Hugo Floriacensis, Quaest. In *Epist. Paul. Q.* 300. In: J.-P. Migne (Red.), *Patrologiae Cursus Completus*. Vol. 175. Petit Montrouge (1854), p. 505.

68 Thomas Aquinas, *Summa Theologica*, II, 2. Q. 104. A5.

69 Willem van Ockham, *Dialogus*. In: M. Goldast (Red.), *Monarchiae S. Romani Imperii*. Vol. 2. Francofurti: Joann-Davidem Zunnerum (1668), III. Tr. 2, I. 2, c. 20.

70 Willem van Ockham, *Dialogus*, III. Tr. 2, I. 2, c. 20. Vgl. ook c. 26 en 28.

71 Philippus Decius, *Consilia*. In: *Mediolanensis super Decretalibus*. Veneti (1536), 72, nr. 2: "... superiori non est obediendum quando egriditur fines sui officii."

72 Giesebrecht, *Ueber Magister Manegold von Lautenbach und Seine Schrift Gegen die Scholasticus Wenrich*. In: *Sitzungsberichte der könig. Bayer. Akademie der Wissenschaften zu München*. Vol. 2 (1868), pp. 297-362 op 325.

73 Johannes van Salisbury, *Policraticus*, III, 15.

the laws, and the public power treats harshly those who endeavour to put aside the public hand. And, although there are many forms of high treason, none of them is so serious as that which is executed against the body of justice itself. Tyranny is, therefore, not only a public crime, but, if this can happen, it is more than public. For if all prosecutors may be allowed in the case of high treason, how much more are they allowed when there is oppression of laws which should themselves command emperors? Surely no one will avenge a public enemy, and whoever does not prosecute him transgresses against himself and against the whole body of the earthly republic.”<sup>74</sup> Vir dié standpunt steun hy op Bybelse en klassieke voorbeelde en sluit alleen die gebruik van gif, troubleuk en verbreking van ede uit. Volgens Johannes is vorste ’n afskaduwing van God; tiranne die ewebeeld van Lucifer – ’n vergelyking wat behels dat tiranne selfs gedood mag word: “As the image of the deity, the prince is to be loved, venerated and respected; the tyrant, as the image of depravity, is for the most part even to be killed. The origin of tyranny is iniquity and it sprouts forth from the poisonous and pernicious root of evil and its tree is to be cut down by an axe anywhere it grows.”<sup>75</sup> In sy *Summa Theologica*, verklaar Thomas Aquinas hom teen doding van tiranne, maar ten gunste van aktiewe verset teen ’n *regimen tyrannicum*, omdat so ’n *regimen* sonder geregtigheid is (*non iustum*). Om tirannie uit te roei is geen *sedition* nie, tensy die middele wat daartoe aangewend word meer skade berokken as wat duldning van tirannie sou meebring. Op die vraag of sedisie ’n doodsonde is, antwoord Aquinas dat tirannie sedisie kan behels wanneer dit die belange van die onderdane benadeel: “A tyrannical government is not just, because it is directed, not to the common good, but to the private good of the ruler, as the Philosopher (Aristotle) states ... . Consequently there is no sedition in disturbing a government of this kind, unless indeed the tyrant’s rule be disturbed so inordinately, that his subjects suffer greater harm from the consequent disturbance than from the tyrant’s government. Indeed it is the tyrant rather that is guilty of sedition, since he encourages discord and sedition among his subjects, that he may lord over them more surely; for this is tyranny, being conducive to the private good of the ruler, and to the injury of the multitude.”<sup>76</sup> In geval van onregmatige vervolging van onskuldige mense mag die slagoffers hulself teen vervolging

---

74 Johannes van Salisbury, *Policraticus*, p. 25.

75 Johannes van Salisbury, *Policraticus*, p. 191.

76 Thomas Aquinas, *Summa Theologica*, II, 2, q. 42, A2, ad 3.



verset. Met verwysing na Esegieël 22:21 behels dit vir Aquinas dat die regmatige verset teen rowers op sulke gevalle van toepassing is: “Wherefore even as it is lawful to resist robbers, so is it lawful, in a like case, to resist wicked princes; except perhaps in order to avoid scandal, whence some grave disturbance might be feared to arise.”<sup>77</sup> Willem van Ockham spreek hom ook uit ten gunste van aktiewe verset – vir sover dit in ooreenstemming met die *ius gentium* is – teen tirannie uit.<sup>78</sup> Aktiewe verset teen tirannie geniet ook ondersteuning in onder andere Philippe de Mazières se *Somnium Viridari* (ongeveer 1376),<sup>79</sup> Henricus de Langenstein (1325-1397),<sup>80</sup> Henricus de Pyro,<sup>81</sup> Johannes Gerson,<sup>82</sup> Philippus Decius,<sup>83</sup> Benedictus Capra (oorlede 1470)<sup>84</sup> en Johannes Hus (1373-1415),<sup>85</sup> laat ruimte vir aktiewe verset teen tirannieke maatreëls.

In sy *De Regimine Principum* behandel Aquinas meer uitvoerig die remedies waarvoor onderdane beskik om tirannie teen te gaan: 1. Indien tirannie nie buitensporig is nie, sou dit beter wees om dit vir ’n tyd te verduur as om groter euwels deur verset daarteen op te wek.<sup>86</sup> 2. Indien die tirannie buitensporig word tot die mate dat dit nie verduur kan word nie, sou dit onder bepaalde omstandighede deugdelik wees om die tiran om die lewe te bring.<sup>87</sup> 3. Volgens 1 Petrus 2:20 is dit beter om goedgesindheid selfs teen wraakgierige vorste te betoon.<sup>88</sup> 4. Die beste remedie om die euwels van tirannie te bestry, lê in die

77 Thomas Aquinas, *Summa Theologica*, II, 2, q. 69, A4.

78 Willem van Ockham, *Dialogus III*. Tr. 2, l. 2, c. 26 en 28.

79 Philippe de Mazieres, *Somnium Viridari*. In: M. Goldast (Red.), *Monarchia S. Romani Imperii* (1668), Vol. 2, 1. c. 141.

80 Henricus de Langenstein, *Consilium pacis de unione ac reformation ecclesiae*. In: Johannes Gerson, *Opera Omnia*. Vol. 2. Hagae Petrum de Hondt (1728), pp. 809-840.

81 Henricus de Pyro, *Institutiones*. Cologne: Joh. Koellof (1490), l. 2 par. 1

82 Johannes Gerson, *Opera Omnia*. Vol. 4. Hagae: Petrum de Hondt (1728), 600 en 624.

83 Philippus Decius, *Consilia. Veneti*. (1570), 690, nr. 13.

84 Benedictus Capra, *Regulae et Tractatus*. Venetis: Signum Jurisconsulti (1568) Reg. 10, nr. 42.

85 Johannes Hus, *Determinatio de ablatione temporalium a clericis*. In: M. Goldast (Red.), *S. Romani Imperii*. Vol. 1. Francofurti: Apud Joann-Davidem Zunnerum (1668), Art. 30., p. 232 e.v.

86 Thomas Aquinas, *De Regimine Principum*. In: T. Aquinas, *Selected Political Writings*. Vertaal deur J.G. Dawson. Oxford: Basil Blackwell (1965), pp. 2-83 op l, 6 (p. 29).

87 Thomas Aquinas, *De Regimine Principum*, l, 6 (p. 31).

88 Thomas Aquinas, *De Regimine Principum*, l, 6 (p. 31).

hande van die publieke owerheid eerder as by die private oordeel van individue. In besonder waar 'n gemeenskap die reg het om self 'n regeerder aan te wys, sou dit in ooreenstemming met die vereistes van geregtigheid wees om 'n tirannieke vors te onttroon of sy magte aan bande te lê. Selfs indien onderdane 'n eed van lojaliteit aan 'n vors afgelê het, sou hulle vrygestel wees van lojaliteit en van hul eed van gehoorsaamheid indien hy sy amp as regeerder sou verwaarloos.<sup>89</sup> 5. Indien die aanwysing van 'n vors by 'n ander gesaghebber berus, berus die optrede teen tirannie by so 'n persoon.<sup>90</sup> 6. Indien daar geen hoop op menslike bystand teen tirannie bestaan nie, moet onderdane hul na God wend.<sup>91</sup>

## **2.5 *Desiderius Erasmus (c. 1469-1536) se vroeg moderne vergelyking van tirannieke met deugsame politieke regering***

Die Christen-humanis, Desiderius Erasmus (c. 1469-1536), gee 'n deeglike samevatting van die verskille tussen deugdelike vorste en tirannie – hoofsaaklik die Aristoteliese interpretasie daarvan. Die vergelyking van tiranne met vorste skets die volgende prentjie: tiranne neem wat hul ook mag geval; konings doen wat reg en eerbaar is. Tiranne se vergoeding is rykdom; konings se loon is eer wat spruit uit deug. Tiranne regeer met vrees, swendelary en bese oorleg; konings regeer deur wysheid, integriteit en goeie gesindheid. Tiranne gebruik mag vir hulself; konings gebruik hul mag tot beswil van die staat. Tiranne beskerm hulself deur 'n bende buitelandse wachte en huurlinge; konings ag hulself veilig genoeg deur hul welwillendheid jeens hul onderdane en dié se welwillendheid jeens hul vors. Tiranne bejeën goeie onderdane wat deur hul morele kwaliteit onderskei word met wantroue en hul goeie hoedanighede en aansien word met suspisie bejeën; konings daarenteen soek hul ondersteuning as helpers en vriende. Tiranne is tevrede met gekke wat hul vir hul doeleindes gebruik of met bese mense wat hul vir bese doeleindes aanwend om hul tirannieke posisie te beveilig of met vleiers van wie hul verneem dit wat vir hul aangenaam is om te hoor; vir konings is elke wyse mens van groot waarde omdat hy met veiligheid van sy goeie advies gebruik kan maak en hul waardeer die advies van goeie mense wat prontuit en opreg hul mening lug omdat hul kameraadskap van hul 'n beter mens maak. Tiranne versamel die rykdom van hul onderdane in die hande van enkele bese mense en om hul eie magsgoederting te versterk deur die krag van hul onderdane te verminder; konings ag die rykdom van hul onderdane

---

89 Thomas Aquinas, *De Regimine Principum*, I, 6 (p. 33).

90 Thomas Aquinas, *De Regimine Principum*, I, 6 (p. 33).

91 Thomas Aquinas, *De Regimine Principum*, I, 6 (p. 33).

die grootste bate. Tiranne regeer hul onderdane onder hul duim, hetsy deur wetgewing of deur informante; konings verlustig hul in die vryheid van hul onderdane. Tiranne streef daarna om gevrees te wees; konings begeer die liefde van hul onderdane. Tiranne is suspisiesus jeens samewerking tussen mense en stede; konings verheug hul juis daaroor. Tiranne wek faksiekonflik en dispute tussen onderdane en voed onderlinge twis en stryd ten einde hul tirannieke beheer te verstewig; konings begeer harmonie tussen hul onderdane en streef na die uitskakeling van konflik omdat hulle weet welke skade dit in die staat kan veroorsaak. By aanskoue van bloei en vooruitgang in die staat, verwek tiranne oorloë deur onwaar fabrikerings ten einde die krag van hul onderdane lam te lê; konings doen alles in hul vermoë om vrede in die staat te bevorder wel wetende dat oorlog allerlei rampe vir die staat inhou; tiranne promulgeer wette, konstitusies, bevele, verdrae en alle heilige en onheilige middele vir hul persoonlike beskerming of verdraai dit vir dié doel; vorste beoordeel al hierdie dinge volgens hul waarde vir die staat.<sup>92</sup>

Ná die tabulering van die eienskappe van tiranne en deugdelike vorste, gee Erasmus 'n opsomming van Aristoteles se beoordeling van tirannieke gedrag: eerstens sien tiranne toe dat onderdane nie teen despotiese regering in opstand kom nie; tweedens, dat onderdane mekaar nie vertrou nie; derdens dat onderdane oor geen middele beskik om die tirannieke sisteem te verander nie.<sup>93</sup> Die middele wat tirannieke owerhede daartoe gebruik, is die volgende: "He achieves the first objective by doing everything to prevent his subjects from developing any spirit at all or any wisdom, and by keeping them like slaves and either accustomed to a degraded status or vulnerable to informers or debilitated by self-indulgence. For he knows that noble and confident spirits do not tolerate despotism with good grace. He achieves the second aim by stirring up dissension and mutual hatred among his subjects, so that one accuses the other and he himself meanwhile becomes more powerful as a result of his people's troubles. The third he attains by using every means to reduce the wealth and prestige of any of his subjects, and especially that of the good men; and no sensible person would be inclined to resist him in this, because he would not think there was any hope of success."<sup>94</sup> Ter ondersteuning van sy tipering van tiranne, verwys Erasmus ook na Skriftuurlike gegewens, soos 1 Samuel 8:11-18 se beskrywing van tirannieke optrede. Daarteenoor skets hy die deugszaamheid

92 D. Erasmus, *The Education of a Christian Prince*. Cambridge: Cambridge University Press (1997), pp. 24-34.

93 Aristoteles, *The Politics*. Harmondsworth, Middlesex: Penguin Books (1979), 5, 9, 8.

94 Erasmus, *Education of a Christian Prince*, p. 29.

van Christen-vorste volgens Deuteronomium 17:16-20. Erasmus gebruik ook ander metafore om deugsame vorste te beskryf byvoorbeeld vaders en<sup>95</sup> herders.<sup>96</sup> Die leidende beginsel van Christenvorste is die publieke belang: "... he who looks to the common good is a king; he who looks to his own good is a tyrant." Daarteenoor staan eiebelang en selfsug: "And yet what name shall we then assign to those who feather their own nests at their country's expense, and who are in fact robbers although in name (but falsely so) princes?"<sup>97</sup>

Vervolgens wys Erasmus op die gevare van haat en minagting vir vorste. Hy doen weereens 'n beroep op Aristoteles: welwillendheid is die teenoorstaande van haat; gesag van minagting. Haat en minagting lei tot die verlies aan steun by die onderdane: "Hatred is incited by brutality, violence, insults, sullenness, obstinacy, and greed; and it is easier to provoke it than to mollify it once aroused. So the good prince must take every precaution against falling out of favour with his subjects for any reason. Believe me, the man who is deprived of the people's good will is stripped of much protection. On the other hand, good will is fostered, generally speaking, by those qualities most lacking in the tyrant: mercy, friendliness, fairness, courtesy, compassion."<sup>98</sup> Erasmus se standpunt is duidelik: vorste benodig die ondersteuning van hul onderdane soos onderdane ook van hul vorste afhanklik is.

### 3. Calvyn se standpunt oor tirannieke regering

#### 3.1 Calvyn oor deugdelike regering en tirannie

Met verwysing na antieke skrywers se aanprysing van deugdelike regeerders, onderskryf Calvyn die metaforiese betiteling van regeerders as "vaders van die vaderland",<sup>99</sup> bewaarders van die vrede, beskermers van regverdigheid en verdedigers van onskuld.<sup>100</sup> Die teenoorgestelde is waar van tiranne: hul bekommer hul nie oor hul ampsverantwoordelikhede nie, hul leef onbesorgd in wellus; hulle is net bedag op hul eie belang en vertrap die regte van mense; tap die arm mense leeg van hulle geld en verkwis dit op luukshede;

---

95 Erasmus, *Education of a Christian Prince*, p. 34.

96 Erasmus, *Education of a Christian Prince*, p. 34.

97 Erasmus, *Education of a Christian prince*, p. 53.

98 Erasmus, *Education of a Christian Prince*, p. 69.

99 Calvyn, *Institusie*, 4.20.24.

100 Calvyn, *Institusie*, 4.20.26.

sommiges plunder huise, doen meisies en vrouens geweld aan en maak onskuldige mense dood en pleeg roof.<sup>101</sup>

### 3.2 *Calvyn oor die oorsprong van tirannieke heerssug*

Seneca se identifisering van oormatige ambisie en gepaardgaande heerssug by tiranne, staan in die sentrum van Calvyn se identifisering van die dryfvere van tirannie. Met verwysing na die Bybelse geskiedenis van Nimrod in Genesis, spoor Calvyn bandelose en onbeteuelde heerserslus na ongebreidelde ambisie terug: "... the sum of the whole, however, is that they were ferocious tyrants, who separated themselves from the common rank. Their first fault was pride; because relying on their own strength, they arrogated to themselves more than was due. Pride produced contempt of God, because, being inflated by arrogance, they began to shake off every yoke. At the same time, they were also disdainful and cruel towards men; because it is not possible that they, who would not bear to yield obedience to God, should have acted with moderation towards men."<sup>102</sup> Vir Calvyn is die wortel van die kwaad onbeteuelde ambisie: "But ambition is always vicious and more especially so when joined with a tyrannical ferocity, which causes the more powerfull to insult the weak, the evil becomes intolerable."<sup>103</sup> Nimrod se ambisie breek deur die grense van respek vir andere en staan gebrandmerk as 'n ewige simbool onguns, daarom dra alle tiranne die kenmerke van Nimrod. Onbeteuelde ambisie het 'n verskeidenheid van ondeugdelike optrede tot gevolg. Ambisie dryf tiranne tot verset teen God – dit wek by hulle die begeerte om as gode aanbid te word: "The end of which Habbakuk speaks awaits all tyrants, who disturb the world by their arpidity. Ambition does indeed so infatuate them that they neither spare human blood, nor hesitate to endanger their nearest and most friendly associates. Since then an insatiable thirst for glory thus inflames them, the Prophet justly allots to them this reward – that they shall receive filthy and shameful spewing instead of glory, in seeking which they observe no limits."<sup>104</sup> Onbeteuelde *eros* en ambisie dryf vorste tot totalitêre en arbitrêre gedrag en lei tot die soeke na eiebelang en nie die publieke belang nie.<sup>105</sup> In sy kommentaar op Daniël 2:5 verklaar Calvyn dat Nebukadneser in sy wreedheid selfs redelose diere oortref: "Tyrants, indeed, often give the reins to their lust, and think

101 Calvyn, *Institusie*, 4.20.24.

102 J. Calvyn, *Opera*. K. Abbink, W. Van den Brink, H. Van den Brink (Reds.). Apeldoorn: Instituut voor Reformatieonderzoek (2005): Commentary on Genesis (Genesis 6: 1-4).

103 Calvyn, *Opera: Commentary on Genesis* (Genesis 6:4).

104 Calvyn, *Opera: Commentary on Habbakuk* (Habbakuk 2:15, 16).

105 Calvyn, *Opera: Commentary on the Harmony of the Law* (Eksodus 5:6).

all things lawful to themselves; whence, also, these words of the tragedian, whatever he wishes is lawful.”<sup>106</sup> In sy kommentaar op die boek Galasiërs, verklaar Calvyn: “Let us consider a little what tyranny there is in our lusts and passions. If a man follows his own lusts, surely he must needs shake off all shame, and forget himself, and become a very beast. Lo here the goodly liberty that all men seek commonly by nature.”<sup>107</sup> Onmatigheid is ’n tiran in tiranne wat alle gevoel en sintuie in beslag neem, sodat alle Vryheid vernietig word.<sup>108</sup> In sy afsluitingsgebed na die prediking, bid Calvyn dat vorste nie deur hul ongebreidelde luste regeer word nie, “covetous, cruelty, tyranny, or any other evil and disorderly affection”, en dat regeerders in geregtigheid en deugszaamheid sal regeer”, en daarmee die eer en gehoorsaamheid van hul onderdane mag geniet en God daardeur verheerlik sal word.

### **3.3 Die gevolge van tirannieke regering**

In sy Génesis-kommentaar identifiseer Calvyn eiegeregtige toe-eiening, sonder om die reg in aanmerking te neem, as ’n uitvloeisel van tirannieke regering. Tirannieke regering mis die doel waarvoor God politieke regering ingestel het. In sy kommentaar op Romeine 13 skryf Calvyn dat onderdane onderworpe aan regeerders is omdat laasgenoemde deur God ingestel en aangewys is met die oog op die legitieme en regverdige regering van die wêreld. God het politieke regeerders ingestel vir die welsyn van die mensdom. Die Apostel beveel ons om met blymoedigheid en vrywilliglik die reg en gesag van politieke regeerders te aanvaar, te respekteer en te eerbiedig. Tirannieke regering mis die doel waarvoor God dit ingestel het en ontaard bygevolg in arbitrêre en outoritêre regering.<sup>109</sup> In sy kommentaar op die tirannieke koning van Egipte se opdrag aan die vroedvroue om die Israelitiese seuntjies te dood, skryf Calvyn dat die Farao se tirannie beweeg van openlike geweld en wreedheid, wat niks baar, na geheime komplotte en bedrog om hul oogmerke te bereik omdat hulle nie toelaat dat hul bevel geminag word nie. Die vleeslike begeertes wat tiranne tot outoritêre en arbitrêre optrede dryf, wek by hulle ’n onversadigbare begeerte na materiële rykdom.<sup>110</sup> In sy kommentaar op Jesaja 27 beskryf Calvyn die omvang van materiële grypsug van tiranne in meer detail: “It is a very wretched condition which the Prophet describes, that a free people should be oppressed by

---

106 Calvyn, *Opera: Commentary on Daniel* (Daniël 2:5).

107 Calvyn, *Opera: Sermons on Galatians* (Galatians 5:11-14).

108 Calvyn, *Opera: Commentary on Jeremiah* (Jeremia 6:10).

109 Calvyn, *Opera: Commentary on Romans* (Romeine 13).

110 Calvyn, *Opera: Commentary on Isaiah* (Jesaja 10:27).

such cruel tyranny as to have all their property values, and an inventory taken of their houses, possessions, families and servants. How grievous this slavery is, many persons formerly unaccustomed to it actually know by experience in our times, when their property is valued to the very last farthing; and a valuation is made not only of their undoubted incomes, but also of their expected gains, and not only of their money and possessions, but even their names are placed on record, while new methods of taxation are contrived, not only on food but on the smallest articles, so that tyrants seize on a large portion of those things which are indispensibly necessary to the wretched populace; and yet those calamities do not restrain men from insolence, licentiousness, and rebellion.”<sup>111</sup> In die laaste instansie dryf die eersug van tiranne hul na verset teen God. In sy kommentaar op Jesaja wy Calvin oor die grootheidswaan wat tiranne tot verset teen God dryf uit: “... tyrants are maddened by ambition and by a false opinion of their own greatness, and therefore imagine that their words, the report of their name, and even their shadow, will strike terror into all men.”<sup>112</sup> Die totalitêre en arbitrêre regering van tiranne verhef hul bo die reg en geregtigheid; met hul oog op ambisie, vervul hul in magsregering, “it is enough for them if way, either lawful or unlawful, they can bring others under their yoke. Thus they think that they are at liberty to do whatever they can. They hold by that proverb, ‘if justice ought to be violated it ought to be violated for the sake of reigning,’ and this vice was not peculiar to a single age, but even now we feel it to be excessive.”<sup>113</sup> In dieselfde kommentaar dui Calvin aan dat totalitêre en arbitrêre regering die gevolg is van vorste wat hul amp vergeet en in hul opgeblasenheid neersien op andere.<sup>114</sup> Eersug dryf tiranne tot leuens om andere af te kam en hul eie rol belangriker voor te stel as wat dit in werklikheid is. Nebukadneser eien selfs die werk van vorige geslagte toe ten einde die roem vir homself in te palm – verkondiging van leuens gedryf deur eersug wat sedertdien die norm geword het: “We know how earthly kings desire, by all means in their power, to buy the glory of others, with the view of exalting themselves and acquiring a perpetual reputation. Especially when they change anything in their edifices, whether palaces or cities; they wish to seem the first founders, and so to extinguish the memory of those by whom the foundations were really laid. We must believe, then, Babylon to have been adorned by King Nebuchadnezzar, and so he transfers to himself the entire glory, while the greater part ought to be attributed to the Semiramis

111 Calvin, *Opera: Commentary on Isaiah* (Jesaja 27).

112 Calvin, *Opera: Commentary on Isaiah* (Jesaja).

113 Calvin, *Opera: Commentary on Isaiah* (Jesaja 37).

114 Calvin, *Opera: Commentary on Isaiah* (Jesaja 37: 13).

or Ninus. Hence this is the way in which tyrants speak, as all usurpers and tyrants do, when they draw towards themselves the praises which belong to others.”<sup>115</sup> In sy Daniël-kommentaar vergelyk Calvyn tiranne se gedrag met dié van wrede en buitensporige diere: “... kings are mostly tyrants, full of cruelty and barbarity, and forgetful of humanity, the Prophet makes this vice as springing from themselves and not from the sacred ordinance of God.”<sup>116</sup>

Tiranne word verblind deur hul grootheidswaan en vergeet dat hul sterflike wesens is; hul ag hulself half-gode, maar na hul dood volg hul die weg van alle vlees.<sup>117</sup> Calvyn verwys na die woorde van Dawid in Psalm 82:6 & 7: “... death alone acknowledges how small are the dimensions of the bodies of men.” Hy haal dan Dawid se woorde aan: “I have said, ye are gods; but you shall die like men, and fall like one of the common people.”<sup>118</sup> Tiranne verskil in geen opsig van ander mense nie.<sup>119</sup> In sy kommentaar op Jesaja 14:18 & 19 verwys Calvyn na die tirannieke vorste van Babilon wat na hul dood selfs uit hul graftombes gewerp is.<sup>120</sup>

### **3.4 Calvyn se teosentriese blik op tirannie**

Calvyn stel die kernbeginsel oor die teosentriese konteks waarin tirannie afspeel: God regeer die hele aarde; konings en regeerders is onderworpe aan God se heerskappy en vorste behou hul posisie tussen God en die mense vir solank die vorste nie probeer om God se gesag oor te neem nie (1 Timotheüs 6:15).<sup>121</sup> In sy *Institusie* beklemtoon Calvyn dat selfs indien “geen gedaante van die beeld van God” in die owerheid te bespeur is nie, sulke owerhede op gesag van God regeer<sup>122</sup> en dat selfs diegene wat onregverdig en swak regeer, deur Hom verwek is om die ongeregtheid van die volk te straf, maar dat hulle almal met daardie majesteit beklee is waarmee Hy die wettige mag toegerus het.”<sup>123</sup> Omdat selfs die slegste tiranne deur God aangestel word en volgens dieselfde besluit met die gesag van alle konings beklee word, behoort opruiende gedagtes nooit by gelowiges op te kom nie – gedagtes soos dat ons ’n koning volgens verdienste moet behandel en

---

115 Calvyn, *Opera: Commentary on Daniel* (Daniël).

116 Calvyn, *Opera: Commentary on Daniel* (Daniël 7: 3).

117 Calvyn, *Opera: Commentary on Isaiah* (Jesaja 14: 10).

118 Calvyn, *Opera: Commentary on Isaiah* (Jesaja 14: 12).

119 Calvyn, *Opera: Commentary on Isaiah* (Jesaja 14: 12).

120 Calvyn, *Opera: Commentary on Isaiah* (Jesaja 14: 18&19).

121 Calvyn, *Opera: Commentary on Isaiah* (Jesaja 37: 16).

122 Calvyn, *Institusie*, 4.20.26.

123 Calvyn, *Institusie*, 4.20.25.



dat dit nie reg is dat ons as sy onderdane aan hom gehoorsaamheid moet betoon terwyl hy van sy kant hom nie as 'n deugdelike regeerder aan ons betoon nie.<sup>124</sup> Mense wat onder 'n dwingelandy leef, moet dus in gedagte hou dat sulke heersers deur God aangestel is.<sup>125</sup> Goddelose konings is egter vervloekings van God vanweë God se toorn oor 'n land, soos rowers wat eiendom steel, owerspelers wat jou bed besmet en sluipmoordenaars wat hom inspan om jou te vermoor.<sup>126</sup> In die voorsienigheid van God word koninkryke uitgedeel en konings aangestel.<sup>127</sup> Calvin se kommentaar op Genesis 15 en Deuteronomium 32:15 onderstreep die teosentriese perspektief op tirannieke regering. In dieselfde lyn as sy kommentaar op Seneca se *De Clementia*, bevestig Calvin in sy kommentaar op Jesaja 22:15-25 dat God se voorsienigheid vrye teuels gee aan tiranne en bese mense om as God se roede op te tree en ons ondankbaarheid te straf.<sup>128</sup> Met verwysing na Esegïël 20:11, 24, 25, verklaar Calvin dat God die mensdom straf indien die weldade van God nie met dankbaarheid aangeneem word nie, deur hulle aan bese mense en tiranne uit te lewer.<sup>129</sup> God se voorsienigheid strek oor die hele aarde: "Whether tyrants obtain power, or sovereigns are pious and just, all are governed by God's secret counsel, since otherwise there could be no king of the world."<sup>130</sup> God se voorsienigheid bepaal die duur en omvang van tiranne se totalitêre en arbitrêre regering. God straf vorste vir hul onreg en deur God se genade tree selfs die outoritêre Farao met goedhartigheid op jeens Josef en sy familie.<sup>131</sup> In sy kommentaar op Jesaja 37:38 vind Calvin 'n voorbeeld van God se onttroning van konings sonder hulp van mense in die doding van Sanherib deurdat hy deur sy seuns doodgemaak is.<sup>132</sup> In sy kommentaar op Jesaja 27:1-13 vat Calvin dié gedagte soos volg saam: "Let us cheer our hearts with this consolation, when we see tyrants violently and fiercely attack the Church of God; for the Lord will at length compel them to stop, and the more cruel they have been, the more severely will they be punished ..."<sup>133</sup> Dit dien tot vertroosting van gelowiges om te weet

124 Calvin, *Institusie*, 4.20.26.

125 Calvin, *Institusie*, 4.20.28-29.

126 Calvin, *Institusie*, 4.20.26.

127 Calvin, *Institusie*, 4.20.26.

128 Calvin, *Opera: Commentary on Isaiah* (Jesaja 22:21).

129 Calvin, *Opera: Commentary on Isaiah* (Jesaja 26:13).

130 Calvin, *Opera: Commentary on Daniel* (Daniel 4:28-34).

131 Calvin, *Opera: Commentary on Genesis* (Genesis 47:5).

132 Calvin, *Opera: Commentary on Isaiah* (Jesaja 37:38).

133 Calvin, *Opera: Commentary on Isaiah* (Jesaja 27:1-13).

dat God die regeertyd van tiranne aan paal en perk bind: "Hence we may seek consolation, when we see tyrants rushing on so impetuously, and indulging their lust and cruelty without moderation."<sup>134</sup> In God se alvermoë gebruik Hy selfs tirannieke regeerders tot voordeel van die mensdom. In sy uitleg van Daniël 4:13-16 verklaar Calvyn dat tiranne soms as "bome" deur God gebruik word, "since it is better to live under the most cruel tyrant than without any government at all. Let us suppose all to be one equal level, what would such anarchy bring forth? No one would wish to yield to others; every one would try the extent of his powers, and thus all would end in prey and plunder, and in the mere license of fraud and murder, and all passions of mankind would have full and unbridled sway. Hence I have said, tyranny is better than anarchy, and more easily borne, because where there is no supreme governor there is none to preside and keep the rest in check."<sup>135</sup> In die voorsienigheid van God word selfs tiranne en vorste se regering deur die verborge raad van God gestuur: "... although tyrants and other princes forget their duty, it is still divinely enjoined upon them, and yet God's grace always shines forth in all governments. Tyrants endeavour to extinguish the whole light of equity and justice, and to mingle all things; but the Lord meanwhile restrains them in a secret and wonderful manner, and thus they are compelled to act usefully to the human race, whether they will it or not."<sup>136</sup> Hoewel God tirannie toelaat en Homself vir 'n tyd verberg, vergeet God nie die geroep van die onderdrukte wat onder tirannie ly nie: "The Prophet simply teaches us here that it could not be, but that God would at length restrain tyrants; for though he hides himself for a time, he yet never forgets the groans of those whom he sees to be unjustly afflicted: and particularly when tyrants molest the Church."<sup>137</sup> In Calvyn se slotgebed in sy Nahum-kommentaar bid hy om God se vertroosting van die gelowiges sodat hulle nie twyfel aan God se beskerming teen tiranne nie: "Grant, Almighty God that as we have now heard of punishments so dreadful denounced on all tyrants and plunderers, this warning may keep us within the limits of justice; so that none of us may abuse our power to oppress the innocent, but, on the contrary, strive to benefit one another, and wholly regulate ourselves according to the rule of equity: and may we hence a comfort whenever the ungodly molest and trouble us, and doubt not but that we are under thy protection, and that thou art armed with power sufficient to defend us, so that we may patiently bear injuries, until at length the ripened time shall come for thee to help us,

---

134 Calvyn, *Opera: Commentary on Daniel* (Daniel 4:33).

135 Calvyn, *Opera: Commentary on Daniel* (Daniel 4:13-16).

136 Calvyn, *Opera: Commentary on Daniel* (Daniel 4:13-16).

137 Calvyn, *Opera: Commentary on Nahum* (Nahum 2:13).

and to put forth thy power for our preservation; nor let us cease to bear our evils with patience, as long as it may be thy will to exercise us in our present warfare, until having gone through all one troubles, we come to that blessed rest which has been provided for us in heaven by Christ Jesus our Lord. Amen.”<sup>138</sup> In die laaste instansie behoort onderdane wat onder tirannieke vorste swoeg, tot introspeksie en berou oor hul sondes beweeg te word: “As ons daarom deur ’n wrede vors getreiter word; as ons roofsugtig deur ’n gierige en uitspattige vors beroof word; as ons deur ’n luiaard verwaarloos word; as ons laastens deur ’n goddelose en heiligskenkende vors vanweë ons godsvrug geteister word, moet ons eerstens oor ons eie oortredings nadink omdat dit ongetwyfeld met sulke gésels deur die Here getugtig word. Na aanleiding hiervan sal ootmoedigheid ons onverdraagsaamheid betuel.”<sup>139</sup>

### 3.4.1 Johannes Calvyn oor die remedies teen tirannieke owerhede

#### 3.4.1.1 Die versetreg van individue

Beroeringe in die staat is nie alleen tot oproerige onderdane beperk nie. Die orde van geregtigheid in die politieke gemeenskap word soms deur tirannieke regeerders wat dit moet handhaaf, versteur. Welke buitensporighede daar by tiranne mag wees, oortref die goedheid van God al die boosheid wat hul mag bedryf.<sup>140</sup> In sy *Institusie* stel Calvyn die beginsel soos volg: Met die grootste sorg moet gewaak word daarteen dat ons nie owerheidsgesag “wat vol eerbiedwaardige majesteit is, sou verag of skend nie – al sou dit in die hande wees van die onwaardigste mense wat dit, sover hulle kan, met hul boosheid besoedel. As die wraak van die Here immers daarin bestaan om teuellose oorheersing te bestraf, moet ons nie daarom dadelik dink dat die bestrawwing ons toevertrou is nie. Aan ons is slegs die gebod gegee om die owerheid te gehoorsaam en te verdra.”<sup>141</sup> Indien regeerders regmatige regering versaak en onreg bedryf, staan dit hul nie, volgens Calvyn, vry om in hul private hoedanigheid weerstand teen tirannieke owerhede te bied nie. Die onderliggende beginsel is dat owerhede wat hul deur middel van eed en onderneming teenoor hul onderdane verbind het, ten diepste teen God oortree. In sulke gevalle is hul versuim verset teen God en onderdane moet met deemoedige geduld die onreg verduur en die bystand van God afbid.

138 Calvyn, *Opera: Commentary on Nahum* (Nahum 3:1).

139 Calvyn, *Institusie*, 4.20.29.

140 Calvyn, *Opera: Commentary on 1 Peter* (1 Petrus 2:14).

141 Calvyn, *Institusie*, 4.20.31.

Die onderdane moet hul plig teenoor die owerhede nakom en die vergelding aan God oorlaat omdat politieke regeerders in die finale instansie aan God verantwoording verskuldig is. In geval individue die onreg kan regstel sonder om skade te veroorsaak, kan hul wel aktief meewerk om die gelede onreg reg te stel.<sup>142</sup>

### 3.4.1.2 *Publieke verset teen tirannie*

Wat verset op die terrein van publieke geregtigheid betref, laat Calvyn die moontlikheid dat spesifieke volksamptenare oor die reg beskik om die teuelloosheid van vorste aan bande te lê, soos die *ephoroi* destyds teen die Spartaanse konings aangestel is, of die volkstribunes teen die Romeinse konsuls, of die distrikshoofde teen die senaat van die Atheners.<sup>143</sup> Die mag wat die drie stande wat in koninkryke is, uitoefen wanneer hulle hul belangrikste vergaderings hou, is, volgens Calvyn, waarskynlik van soortgelyke aard.<sup>144</sup> Hierdie ampte beskik oor die plig om “konings wat onbeheers te kere gaan en nederige mense vertrap” teen te gaan.<sup>145</sup> Wat die verval van publieke geregtigheid betref, identifiseer Calvyn drie beginsels: 1. Alle vorste regeer deur die voorsienigheid van God en straf vir tirannieke vorste berus in die finale instansie by God. 2. Die volksverteenvoordigende stande beskik oor die bevoegdheid om onregverdige heersers te bedwing en is dit hul plig om die regte van die onderdane te beskerm en die vryheid van onderdane teen pligversakende vorste te verdedig. 3. Indien vorste gehoorsaamheid van onderdane in stryd met God se gebooe eis, is onderdane verplig om God alleen te gehoorsaam omdat God bo alle vorste verhewe is. Owerhede wat God se gesag verwerp, moet eerder in die gesig gespuug word as om hul te gehoorsaam omdat mense nie durf om knegte van mense te word nie. Owerhede wat gehoorsaamheid in stryd met God se gebooe eis, tree buite hul ampsbestek op en handel as private individue sonder ampsgesag. Die gehoorsaamheid wat van onderdane jeens hul regeerders vereis word, moet egter sodanig uitgeoefen word dat dit nie onderdane wegneem van die gehoorsaamheid aan God nie. Die begeertes van alle konings moet trouens aan sy wil ondergeskik wees; al hulle bevele moet voor sy besluite swig en hulle septeers moet aan sy majesteit ondergeskik wees: “Hoe verkeerd sou dit inderdaad nie

---

142 Calvyn, *Opera*, vol. 29, pp. 45, 184.

143 Calvyn, *Institusie*, 4.20.31.

144 Calvyn, *Institusie*, 4.20.31.

145 Calvyn, *Institusie*, 4.20.31.

wees dat jy, om mense tevrede te stel, God se toorn verwek om wie se ontwil jy juis aan mense gehoorsaam is nie?"<sup>146</sup> Die gewig van dié plig tot ongehoorsaamheid in geval van goddelose bevels, soos deur Petrus verklaar, verduidelik Calvyn met verwysing na die feit "dat ons so duur deur Christus gekoop is as die prys waarop ons verlossing te staan gekom het sodat ons ons nie in gehoorsaamheid aan die begeertes van mense moet verpand nie – nog minder dat ons aan hulle goddeloosheid uitgelewer moet wees!"<sup>147</sup>

#### 4. Gevolgtrekking en samevatting

Calvyn se tipering, analise en bespreking van die gevolge van tirannie, stem grootliks ooreen met die klassieke Griekse en Romeinse standpunte daarvoor. Hy verskil nie wesenlik van Plato se klassieke aanduiding van die omvang wat tirannieke gedrag by politieke heersers aanneem nie. Hy onderskryf egter nie Plato se beskouing van die liniêre ontplooiing van tirannie vanaf oligargiese regering, deur demokratiese regering tot met tirannie nie: tirannieke regering kan in enige politieke stelsel manifesteer. In dié opsig stem Calvyn ooreen met Aristoteles se siening dat tirannie in enige regeringsvorm kan posvat en dat sinkretiese regering die beste antwoord teen ontaarding van politieke regering in tirannie is. Voorts ondersteun Calvyn die Aristoteliese beklemtoning van geregtigheid teenoor tirannieke magspolitiiek en die eis dat politieke regering behoort te geskied ter bevordering van die publieke belang en nie vir die private voordeel van regeerders nie. Reeds in sy kommentaar op Seneca se *De Clementia* beklemtoon Calvyn die teosentriese beoordeling van tirannieke optrede by politieke regeerders, die eise van sosiale welwillendheid wat uitoefening van politieke gesag beheers en wat onderliggend tot die publieke geregtighedsideaal figureer, asook die ampssperke wat op uitoefening van politieke gesag van toepassing is. Calvyn benut die Bybelse openbaringsgeskiedenis oor Nimrod ten einde tirannieke regering van die verantwoordelike ampshandhaving in ooreenstemming met God se geregtigheidseise te kontrasteer: deugdelike regeerders oefen gesag uit as "vaders van die vaderland", "bewaarders van vrede", en "verdedigers van onskuld". Daarteenoor dryf tiranne se onbeteuelde ambisie hul tot totalitêre en onbeteuelde gedrag en mis tiranne gevolglik die doel waarvoor God regeerders met hul ampssgesag beklee. Tirannieke regering is primêr verset teen God en vorste se grootheidswaan en gedrag getuig van hul

<sup>146</sup> Calvyn, *Institusie*, 4.20.32.

<sup>147</sup> Calvyn, *Institusie*, 4.20.32.

begeerte om soos gode aanbid te word. Die wraak teen tiranne kom God alleen toe en hul sterf ook soos gewone mense; God hou tiranne in stand solank dit Hom behaag en hul tree op as roede om die afval van God te straf; tiranne is bygevolg die instrumente van God se toorn oor 'n land – soos rowers, owerspelers en sluipmoordenaars. In God se almag word tiranne soms selfs as bome (beskutting) tot voordeel van die mensdom gebruik. God verhoor egter die geroep van sy onderdrukte volk en kom hul smeking te hulp. Omdat tirannie 'n publieke verskynsel is beskik die onderdane in hul private hoedanigheid nie oor die reg om tiranne te straf nie. Indien tiranne buite hul ampsterke optree en onderdane se regte bedreig, beskik individue wel oor die reg om hul lewens en eiendom te beskerm. Die enigste vorm van legitieme publieke verset berus by die volksvertegenwoordigers as publieke gesagsdraers wat die plig het om onderdane teen tirannieke regering te beskerm. By Calvyn is die teologies-juridiese perke van regeerlui se gesagsuitoefening van deurslaggewende belang. Met verwysing na Handeling 5:29 beklemtoon Calvyn dat tirannieke regeerders nie meer as God gehoorsaam mag word nie. Indien 'n tirannieke vors dus opdragte uitvaardig wat met God se gebod in stryd is, behoort sodanige bevele nie gehoorsaam te word nie. In dié verband is passiewe verset deur middel van burgerlike ongehoorsaamheid die aangewese weg. Calvyn verskil nie wesenlik van die teologiese standpunte van Thomas Aquinas en Hugo Floriacensis hieroor nie. Dié standpunt rym ook met Baldus de Ubaldis se regskommentaar op die vraag na onderdaansverset. Desiderius Erasmus se vergelyking van Christelike gesagsuitoefening teenoor tirannieke regering is ook grootliks versoenbaar met Calvyn se standpunte asook Erasmus se onwilligheid om aktiewe verset te onderskryf. Erasmus se tipering van die regeeramp van politieke regeerders as vaders en herders van die kudde aan hul toevertrou, resoneer ook in Calvyn se Bybelkommentare ter beklemtoning van die welwillendheidseise wat op regeerlui van toepassing is.

## Bibliografie

ARISTOTELES. 1979. *The Politics*. Harmondsworth, Middlesex: Penguin Books.

BENEDICTUS CAPRA. 1568. *Regulae et Tractatus*. Ventis: Senatus Veneti.

CALVYN, J. 1969. Commentary on Seneca's *De Clementia*. In: *John Calvin Collection*. Albany: Ages Digital Library: Books for the ages.

CALVYN, J. 2005. *Opera*. Reds. K. Abbink, W. Van den Brink. Apeldoorn: Instituut voor Reformatieonderzoek.

- 
- CANNING, J. 1987. *The Political Thought of Baldus de Ubaldis*. Cambridge: Cambridge University Press.
- DESIDERIUS ERASMUS. 1997. *The Education of a Christian Prince*. Cambridge: Cambridge University Press.
- GIESEBRECHT, W. 1868. Ueber Magister Manegold von Lautenbach und Seine Schrift Gegen die Scholasticus Wenrich. In: *Sitzungsberichte der könig. Bayer. Akademie der Wissenschaften zu München*. Vol. 2, pp. 297-360.
- HENRICUS DE PYRO. 1490. *Institutiones*. Cologne: Joh. Koellof.
- HENRICUS DE LANGENSTEIN. 1728. Consilium pacis de unione ac reformation ecclesiae. In: Johannes Gerson, *Opera*. Vol. 2. Hague: Peterum de Hondt, pp. 809-840.
- HUGO FLORIANENSIS. 1892. Tractatus de Regia Potestate et Sacerdotali. In: *Libelli de Lite, Monumenta Germaniae Historica*. Hanoverae: Impensis Bibliopolii Hahniani, pp. 465-494.
- JEAN GERSON. 1728. *Opera Omnia*. Vol. 4. Hagae: Petrum de Hondt.
- JOHANNES CALVYN. 1984-1991. *Institusie van die Christelike Godsdiens*. Vols. 1-4. Vertaal deur H.W. Simpson. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.
- JOHANNES HUS. 1668. Determinatio de ablatatione temporalium a clericis. In: M. Goldast (Red.), *S. Romani Imperii*. Vol. 1. Francofurti: Apud Joann-Davidem Zunnerum.
- JOHANNES VAN SALISBURY. 2000. *Policraticus*. Vertaal deur C.J. Nederman. Cambridge: Cambridge University Press.
- KRENTZ, P. 1982. *The Thirty at Athens*. Ithaca: N.Y. Cornell University Press.
- OSTWALD, M. 1986. *From Popular Sovereignty to the Sovereignty of Law: Law and Society, and Politica in Fifth-Century Athens*. Berkeley: University of California Press.
- PHILIPPUS DECIUS. 1536. Consilia. In: *Mediolanensis super Decretalibus*. Veneti: Geen uitgewer vermeld.
- PHILIPPUS DECIUS. 1570. *Consilia*. Veneti: Geen uitgewer vermeld.
- PHILIPPE DE MAIZIERES. 1668. Somnium Viridari. In: M. Goldast (Red.), *Monarchia S. Romani Imperii*. Vol. 2. Francofurti: Joann-Davidem Zunnerum.
- PLATO. 1979. *The Republic*. Harmondsworth, Middlesex: Penguin Books.
- RHODES, P.J. 1993. *A Commentary on the Aristotelian Athenian Politeia*. Hersiene uitgawe. Oxford: Clarendon.
-

TEEGARDEN, D.A. 2014. *Death to Tyrants*. Princeton & Oxford: Princeton University Press.

THOMAS AQUINAS. 1965. De Regimine Principum. In: T. Aquinas, *Selected Political Writings*. Vertaal deur J.G. Dawson. Oxford: Basil Blackwell.

THOMAS AQUINAS. 1997. Summa Theologica. In: *The Master Christian Library*. Albany: Ages Digital Library.

WILLEM VAN OCKHAM. 1668. Dialogus. In: M. Goldast (Red.), *Monarchia S. Romani Imperii*. Vol. 2. Francofurti: Joann-Davidem Zunnerum, PP. 398-957.